

5 Augustus

Romeine 8:18-30

(Teks: 8:38, 39)

Waarom kan ek seker wees van my uitverkiesing?

"Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of bese magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here."

Waarom is Paulus so seker van sy uitverkiesing?

Die geheim van sy sekerheid is nie dat hy dink dat hyself so 'n goeie Christen is nie. Inteendeel, as Paulus van homself praat, praat hy van die "misgeboorte" (1 Kor. 15:8), "die geringste van die apostels wat nie werd is om 'n apostel genoem te word nie" (1 Kor. 15:9). Nee, Paulus is seker omdat hy weet: die ewige lewe is 'n genadegawe van God - ek kan dit nooit verdien of verwerf nie (Ef. 2:8).

Wat ék moet doen is om dié genadegawe in die geloof vir myself toe te eien.

Dit is presies wat Paulus dan ook doen in Rom. 8:30. "Die wat Hy daartoe bestem het, het Hy ook geroep. En die wat Hy geroep het, het Hy ook vrygespreek. En die wat Hy vrygespreek het, het Hy ook verheerlik."

Kan jy sien waarom jy dikwels in jou lewe so onseker is van jou uitverkiesing?

Jy soek jou sekerheid by die verkeerde plek.

Jy soek dit by jouself.

Jy redeneer: Maar hoe kan ek seker wees van my uitverkiesing as ek elke dag in sonde val, soveel van God se gebooie oortree?

As jy so wil redeneer sal jy jou lewe lank onseker bly.

Nee, soek jou sekerheid soos Paulus in die liefde van God - die liefde dat Hy jou, nog voordat die wêreld geskep is, in Christus uitverkies het (Ef. 1:4).

Aanvaar hierdie genadegawe in die geloof as 'n liefdesgeskenk aan jou - en jy sal juigend seker wees van jou verlossing in Christus!

Sing Skrifberyming 10:5 en 6

Dr. A.N. Helberg (Dordrecht)